



Bybelstudie oor die gebed (3)

Waar, wanneer en hoe moet ons bid?

Die tyd en plek van die gebed

1. Lees Handeling 2:46 - 3:1. Skryf dan die antwoorde op die volgende neer:
 - a) Waar het Petrus en Johannes en die Jerusalemse gemeente gereeld gaan bid?
 - b) Waar dink u het hulle aan die gebruik gekom om juis dáár te gaan bid?
 - c) Wanneer het hulle daar gaan bid?
 - d) Waar dink u het hulle aan die gebruik gekom om juis dán te gaan bid?
 - e) Dink u ons (Christene van later tye) is daaraan gebonde om op dieselfde plek en tyd te gaan bid? Waarom dink u so? (Lees ook Handeling 10:9.)
2. Lees 1 Tessalonisense 5:17, 1 Timoteus 5:5 en Lukas 18:1-7. Skryf dan die antwoorde op die volgende neer
 - a) Wanneer moet ons, volgens hierdie Skrifdele, bid?
 - b) Dink u dat ons die tydsbepalings van hierdie opdragte letterlik moet opneem? Verduidelik u antwoord.
 - c) Wat leer hierdie gedeeltes ons wel oor gebedstye?
3. Lees Johannes 4:20-26. Skryf neer wat die verse u oor die volgende leer:
 - a) Watter verandering oor die plek van aanbidding maak Jesus bekend?
 - b) Waarom, sê Hy, sal die plek van aanbidding verander?
 - c) In watter plek (in wie) sal gelowiges na die koms van Christus bid? (Lees in hierdie verband ook Johannes 14:6.)

Die houding by die gebed

In die Bybel lees ons van verskeie liggaamshoudings wat gelowiges inneem terwyl hulle bid. Dit blyk dat die liggaamshouding self nie so belangrik was as die hartsgesindheid wat die liggaamshouding oorgedra het nie.

4. Lees Matteus 6:5, Markus 11:25 en Lukas 18:11, 13. Skryf neer wat u daaruit oor die volgende leer:
 - a) Met watter liggaamshouding word in hierdie gedeeltes gebid?
 - b) Wys Jesus in Matteus 6:5 die Fariseërs se gebedshouding of hulle gebedsmotief af?
 - c) Met watter hartsgesindheid het die Fariseër en die tollenaar in Lukas 18:11,13 gebid?
 - d) Tydens die erediens in die Joodse sinagoges het almal gestaan - net die voorganger het gesit (die omgekeerde as by ons). Dit beteken dat om te staan die

normale, ongeforseerde liggaamshouding tydens die erediens was. Met ander woorde: om op te staan, was by hulle nie 'n teken van eerbied soos vandag by ons nie. Dus: Wat sê die feit dat mense in die Nuwe-Testamentiese tyd soms *gestaan* en bid het, vir ons?

5. Lees 1 Timoteus 2:8, Psalm 44:21, Psalm 63:5 en Psalm 134:2. Skryf dan u antwoorde op die volgende vrae neer:
 - a) Met watter liggaamshouding moet die manne in 1 Timoteus 2:8 bid?
 - b) Waarvan getuig die ophef van die hande in Psalm 63:5 en Psalm 134:2?
 - c) Waarvan getuig die ophef (uitbrei) van
 - d) Die hande in Psalm 44:21 (AV 1933/53)? Gee 'n samevatting van die hartsgesindheid van die bidder wat in die ophef van die hande na vore gekom het.
 - d) Hoe dink u kan ons binne ons kultuuropset *ten* beste in ons gebede aan hierdie hartsgesindheid uitdrukking gee?
6. Lees 2 Kronieke 7:3, Psalm 5:8 en Psalm 95:6. Beantwoord dan die volgende vrae:
 - a) Watter gebedshouding is in hierdie Skrif-dele ter sprake?
 - b) Van watter hartsgesindheid, sê die Skrif-dele, het hierdie gebedshouding getuig?
 - c) Lees ook Handeling 9:40,20:36,21:5 en Efesiërs 3:14.
 - d) Getuig die gebedshouding na u mening in hierdie gevalle van dieselfde hartsgesindheid as in Kronieke en die Psalms?
 - e) Hoe dink u kan ons binne ons kultuuropset ten beste in ons gebede aan hierdie hartsgesindheid uitdrukking gee?
7. Lees Josua 5:14, 1 Korintiërs 14:25 en Open-baring 5:14 (AV 1933/53) en beantwoord daarop die volgende vrae:
 - a) Watter liggaamshouding neem die bidders in hierdie Skrifdele in? (LW: Dit is waarskynlik die uiterste vorm van 'n knielende houding.)
 - b) Aan watter hartsgesindheid het hierdie gebedshouding uiting gegee?
 - c) Hoe dink u kan ons binne ons kultuur-opset ten beste in ons gebede aan hierdie hartsgesindheid uitdrukking gee?

Die styl van ons gebede

8. Lees Matteus 6:5-6. Skryf dan neer wat hierdie verse u oor die volgende leer:
 - a) Waarvoor het die skynheilige mense die gebed misbruik?
 - b) Dink u dat die Here Jesus in hierdie Skrifdeel openbare gebede verbied?
 - c) Wat leer Hy ons hier oor die styl van ons gebede?
9. Lees Matteus 6:7-8. Skryf dan neer wat die verse u oor die volgende leer:
 - a) Wat wou die heidene met lang gebede bereik?
 - b) Dink u dat baie woorde in 'n gebed God beïndruk? En min woorde?
 - c) Dink u dat die Here Jesus in hierdie gedeelte lang gebede verbied?
 - d) Wat (eer Hy ons hier oor die styl van ons gebede?
10. Lees Jakobus 1:5-6. Skryf dan neer wat die verse u oor die volgende leer:
 - a) Watter kenmerk van 'n gebedstyl wat God behaag, word in vers 6 genoem?
 - b) Wat dink u moet 'n mens sonder twyfel glo terwyl jy bid: moet jy *in God* glo, of moet jy glo *dat jou gebed verhoor sal word*? (Lees ook Matteus 21:22.)

Maak 'n opsomming van die kenmerke van 'n gebedstyl wat God behaag.

Die woorde van die gebed

Gebede kan nie gereglementeer word nie. Tog het ons heelwat geleer oor wat by die gebede van gelowiges pas. By wyse van samevatting uit hierdie en die vorige twee Bybelstudies, volg hieronder 'n raamwerk van wat by 'n gebed pas. Kyk of u gepaste Skrifdele kan aantoon by elke afdeling van die raamwerk.

11. Die inhoud van die gebed

- a) die aanhef - kort, eenvoudig, eerbiedig en tog innig
- b) aanbidding
- c) danksegging
- d) voorbidding
- e) stoflike en geestelike behoeftes
- f) uitkoms uit besondere nood
- g) skuldbelydenis en vergewing van sondeskuld
- h) bewaring
- i) leiding

12. Die styl van die gebed

- a) moet getuig van geloof
- b) moet getuig van nederigheid en sondebeseft (ootmoed)
- c) moet getuig van dankbaarheid en blydschap
- d) moet getuig van kinderlike toenadering tot ons Vader (nie afstand nie)
- e) moet getuig van eerbied teenoor God (nie familiêr nie)

13. Nog kenmerke wat u self vanuit die Skrifstudie kan byvoeg.

GJC Jordaan

© by skrywer - 2007
www.christelikebiblioteek.co.za